

4 November

Skrifgedeelte: Nehemia 8:1-13

Fokusgedeelte: Nehemia 8:2-4

Die gelowige het rede om fees te vier!

Die Israëliete het almal op nuwejaarsdag in Jerusalem saamgetrek. Hulle het daar saamgekom om fees te vier, want hulle kon terugkeer uit ballingskap en hulle was beveilig, want die stad se mure was herbou.

Tog was dit nie 'n feestelikheid waar vrye teuels gegee is aan die nuutgevonde vryheid en ongebondenheid na 'n tyd van ballingskap nie. Nee, Esra moes eers, op aandrang van die volk, die wetboek van die Here bring en daaruit die koers vir die volk aandui. So diep tref die eise van die wet dat die volk hartseer word. Maar die geestelike leiers het vir die volk gesê dat hulle nie bedroef moet wees nie, as hulle die Here met blydskap dien, sal Hy hulle beskerm (vs 11). Hierna het die volk gekalmeer en fees gevier, en ook die huttefees gevier (waar hulle kon dink aan die woestynreis en God se beskerming).

Waar stel hierdie Skrifwoord die gelowige vandag? Die gelowige wat Psalm 107:1 (1936, berymd) kan uitjubel dat hy verlos is uit ellend, dat hy in vryheid herstel is uit die slaweband van die sonde? Ja, geen balling en vreemdeling meer nie, maar kind van God, want Jesus het in ons plek "balling" geword toe Hy tussen hemel en aarde aan 'n vloekhout moes hang.

Ons moet ook lewe by die wil van God. Mag die besef van ons sondes en gebreke (wat deur die Woord blootgelê word) ons altyd bring tot 'n ware droefheid voor God. Maar ons hoef nie by droefheid vas te steek nie, want ons weet ons is in Christus weer herstel. Die gelowige het rede om fees te vier, want hy is weer kind van God en hy is beveilig (mure rondom), want die Heilige Gees is sy Trooster en Leidsman op sy lewenspad.

'n Lang gesig en wroeging is nie wat van God se kind gevra word nie, maar droefheid oor die sonde wat die verlossing in en deur Jesus Christus sy volle betekenis gee. 'n Droefheid wat 'n fees van dankbaarheid en vreugde wakker maak: Ek is weer kind van God! Maar laat dit altyd 'n fees wees waarop die Woord van die Here gehoor en gehoorsaam word.

Sing: Psalm 105:3 (1936-beryming)

Ds AB van der Walt (Christiana/Bloemhof)